
GOD SE PLAN
deur die eeue

God het ‘n plan van die begin af gehad – dit is die plan van Geloof, Hoop en Liefde.  Ons begin hierdie week kyk na hoe Hy Sy plan deur mense deur die eeue laat gebeur het en vandag nog laat gebeur.

**Lees Hebreërs 11:1-19.**

Wat onthou jy van hierdie individue in die Bybel?  Wat onthou jy van Abraham as jy terugdink aan sy lewe?



# HEBREERS 11


In Genesis 12 roep God vir Abram en sluit ‘n verbond met hom.

**Hoekom dink jy het God juis vir Abram gekies?**

Want Hy wou en Hy kon!  Want Hy het ‘n plan en Sy plan sluit alle mense in.

God kies nie vir Abram omdat hy alles reg doen of slim is of ryk is nie.  Abram was ‘n sondige mens wat in ‘n goddelose gemeenskap grootgeword het.  God gee vir hom die geleentheid om uit Ur uit te trek en ‘n nuwe lewe met God te begin.

# GENESIS 17



Lees Genesis 17:1

“Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê:

“Ek is God die Almagtige.

Lewe naby My en wees opreg!

Wat staan vir jou uit in hierdie vers?

- God is Almagtig – Hy roep en Hy rus toe
- Enige iets deur enige iemand is moontlik vir God
- God gee vir ons geleenthede om Ur (die verlede) te verlaat
- Ons moet so naby aan God leef dat Hy op ons afgee ("opreg" verwys na 'n spieelbeeld van God)

Met watter een van hierdie stellings sukkkel jy die meeste?

God roep ons uit plekke uit om in geloof agter Hom aan te stap. Is jy gehoorsaam aan Sy roeping?  Is daar areas waar jy nog terughou om in geloof agter Hom aan te stap?

***“The Lord works in the heart the total willingness to leave behind everything that is not pleasing to Him. He cannot lead us into new ways of living until He leads us out of the old. We should respond, “I don’t know what You are going to do with me, Lord, but I’m going to drop all those old things. I don’t know what You’re going to substitute for them, but I’m going to let them go.”***


ERIC LIDDELL
OLYMPIC ATHLETE AND MISSIONARY TO CHINA
B9

Eric Liddell was ‘n 100m/200m atleet wat in 1924 by die Parys Olimpiese Spele geweier het om op die Sondag deel te neem en het gevolglik besluit om aan die 400m deel te neem, wat hy toe gewen het.

Sonder om die woord te verkondig of mense te probeer oorreed, het hy van die geleentheid gebruik gemaak om van sy geloof te getuig.  Nie almal kry die geleentheid om in die Oiimpiese Spele deel te neem nie of om op ‘n verhoog te staan nie, maar wanneer jy God se stem hoor, wees gehoorsaam en gebruik die geleentheid.

God wou Abram gebruik om ‘n vader vir die nasies te wees. Hy het ’n spesifieke plan gehad met Abram. Al was Abram nie alles vir almal nie, al het hy nie alles reggedoen nie, het hy daardie een taak wat God vir hom gehad het, deurgevoer.

Wat is die slegte plek waaruit God jou roep?

Waarheen/ waarvoor roep Hy jou?

Hoe kan jy naby aan Hom leef in opregtheid?

Here, minder van myself en meer van U!